PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM

(021) 887-0017/77 086 651 5969
info@paulroos.co.za | www.paulroos.co.za
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

Beste Ouers

INISIATIEF IN SAMEWERKING MET ABSA BANK

Met die uitdagings wat alle openbare skole tans in die oë staar, ondersoek Paul Roos Gimnasium ook addisionele en volhoubare fondswerwings- en inkomstestrome wat ons in staat stel om die skool se uitgawes te dek. Paul Roos Gimnasium het onlangs met Absa Bank 'n onderneming aangegaan wat beide Paul Roos ouers en die skool bevoordeel.

Deur middel van hierdie inisiatief kan ouers 'n spesiale kode gebruik wanneer hulle aansoek doen vir huisfinansiering. Die skool sal 'n kommissie verdien, sou die aansoek suksesvol wees. Sou u as ouer dus behoefte hê aan finansiering vir 'n nuwe huis, 'n eiendomsbelegging of bloot om verbeterings of uitbreidings aan u huis aan te bring, is hierdie inisiatief iets om te oorweeg. Die kode gee u toegang tot 'n aangewese Absa Verkoopskonsultant wat u deur die volledige aansoekproses sal bystaan.

Kwalifiserende huisleningsprodukte:

- Absa Huislening: nuwe huis / eiendomsbelegging
- `n Absa Verdere voordelefonds van R50 000 of meer vir huisverbeterings of uitbreidings op u bestaande Absaverband.

'n Verdere opsie is om u huidige huislening na Absa te skuif of aansoek te doen vir 'n groter lening deur Absa se *Great Escape* opsie. Alhoewel die skool nie kwalifiseer vir kommissie op dié produk nie, sal u as ouer steeds die volle voordele by Absa geniet.

Gebruik asb. die kode Paulgym001 vir ons skool.

Ons is baie opgewonde om saam met u die inisiatief te ondersteun.

U kontakpersoon by Absa is **Francois de Kock**. Kontak hom gerus by francois.dekock@absa.africa of **082 450 4620** vir enige navrae.

Vriendelike groete

André van Staden
REKTOR

25 November 2022